NGUNI Beestelersgenootskap
Cattle Breeders Society

Tel: 051 448 7302/3 • Fax: 051 448 7304
Posbus/P.O. Box 506 Bloemfontein 9300
Email: louise@studbook.co.za / nguni@studbook.co.za • Web: www.ngunicattle.info

NUUSBRIEF – MAART 2008

Dit is reeds geruime tyd sedert u 'n Nuusbrief van die raad ontvang het. Die raad het dit egter goed gedink om te wag tot na die eerste amptelike vergadering in 2008. In Desember, na die Algemene Jaarvergadering, is u egter verwittig van die verkiesing van Lourens Jonker tot die Raad asook die aanstelling van Johan de Jager as ons nuwe bedryfsbestuurder in die kantoor. Ons verwelkom hierdie here in ons midde en sien uit na die insette wat hulle sal lewer in belang van ons genootskap.

Ons jaar het begin met 'n inspekteurskursus wat laat in Januarie aangebied is. As alternatief vir die gewone inspekteursaamtrek het hierdie byeenkoms meer die vorm van 'n stragegiese werkswinkel aangeneem wat daarop gemik was om die verhoogde werkslas, wat deur voortgesette groei veroorsaak word, van die inspektoraat aan te spreek. Daarbenewens het ons ook aandag geskenk aan die interaksie tussen inspekteurs, die genootskap en lede en het ons praktiese werkswyses ontwikkel wat daarop gemik is om die kwaliteit van die inspeksieproses te verbeter en daarmee saam die diens wat aan lede gelewer word.

Die volgende strategieë is tydens die werkswinkel geformuleer –

In lyn met ons bestuursbeleid waarvolgens daar werkende subkomitees van die raad bestaan, is dit besluit om 'n nuwe inspeksie-subkomitee onder aanvoering van Lourens (inspeksie-portefeuljehouer) te benoem wat verantwoordelik sal wees –

- Om die jaarlikse en spesiale inspeksie-prosesse te beplan en te koordineer .
- Om die Raad en Tegniese Komitee te adviseer wat betref telingsaspekte en standaarde .
- Om in oorleg met die Opleidingskomitee die opleiding van inspekteurs te hersien.
- Om die Etiese kode vir Inspekteurs te hersien en sodanig hersiene weergawe te implementeer.
- Om inspeksie-administrasie te verbeter deur die gebruik van elektroniese data te optimaliseer in teenstelling met handgeskrewe vorms.
- Om inspekteurs sodanig te posisioneer sodat hulle as die hoofskakel tussen die genootskap en nuwe en onervare telers sal funksioneer.

Die Raad het sy bedrywighede gedurende die week van 25 Februarie afgeskop terwyl die Tegniese en Finansiële subkomitees op Dinsdag, 26 Februarie vergader het.

Die Tegniese Komitee het 'n aantal belangrike aspekte behandel waarvan u as lid bewus moet wees.

Eerstens, soos dit vorige jare ook die geval was moet ‘n uitsonderingsverslag (voorheen “swartlys”) opgestel word wat diere in die stelsel identifiseer wat nie aan die minimum rasstandaarde voldoen nie. Die betrokke telers sal verwittig word en ons versoek hulle samewerking om onreëlmatighede aan te spreek.

Tweedens is ‘n hersiene skedule geformuleer tov veilings onder die genootskap se beskerming en dit sal op 1 Julie 2008 in werking tree.
Dit sal mettertyd aan alle lede gesirkuleer word.

Derdens is ‘n hersiene beleid wat betref vrugbaarheidstandaarde deur Kevin ontwikkel wat hierby aangeheg word vir die inligting van lede. Kommentaar aangaande die dokument word ingewag en kan aan die genootskap gestuur word tot einde Mei waarna die dokument en kommentaar op die Junie Raadsvergadering voorgele sal word.

Hierby aangeheg vind u ook ‘n konsep teeltbeleid wat deurgaans nog ‘n onderwerp van bespreking is en steeds ‘n taak is waaraan gewerk word.

Die Finansiële Komitee was hoofsaaklik besig met roetinewerk. U moet egter daarvan kennis neem dat ons kantoor nog steeds onder geweldige druk verkeer as gevolg van die verhoogde werkslading en hierdie situasie word soms vererger deur lede wat onredelike eise aan die tyd van kantoorpersoneel stel. Ons doen ‘n beroep op lede om die situasie asseblief in ag te neem deur telefoonoproepe te beperk, om die direkte handelingsprosedure te volg deur navrae direk aan Stamboek te rig en om afsprake met die kantoorpersoneel te maak wanneer dit nodig geag word.

Woensdag het Dr Piet Prinsloo (die brein agter die projek) die voorgestelde opleidingsprogram vir telers aan die Raad en Klubverteenwoordigers voorgestel. Terwyl die finale afronding nog gedoen moet word, is dit ‘n uitstekende program wat met entoesiasme deur diegene teenwoordig aanvaar is. Ons is baie dank aan Piet verskuldig vir sy kennis en harde werk wat dit geverg het om hierdie projek op die tafel te sit. Wanneer dit gefinaliseer is word dit beoog dat dit die genootskap se amptelike standaard vir teleropleiding sal wees. Dit sal aan klubs aangebied word met die doel om hul lede op te lei en die Nguni te promoveer.

Die volgende is sake voortspruitend uit die raadvergaderings gehou op Woensdag en Donderdagoggend -

Wat betref die interaksie tussen klubs en die genootskap moet u daarop let dat die besluite wat tydens die klub bosberaad, wat verlede jaar gehou was, geneem was nie deur alle lede ondersteun word nie. Die raad het derhalwe hierdie situasie weereens in oënskou geneem en besluit dat klublidmaatskap nie voorgeskryf maar eerder aangemoedig sal word. Voorts was dit die konsensus van die raad dat ofskoon dit vir sommige klubs gerieflik is, dit nie prakties uitvoerbaar is dat klubfooie van alle lede afgetrek word via die jaarlikse genootskapledegeld nie. ‘n Raadsbesluit is geneem dat telers wat hulle ontevredenheid aangedui het se rekening gekrediteer sal word, terwyl die ander wat reeds betaal en geen beswaar gemaak het nie se geld steeds soos aanvanklik besluit oorbetaal sal word aan die betrokke klub. Klubs is gevra om die genootskap van ledelyste te voorsien sodat die oorbetaling aan die regt klub gemaak kan word. Die beginsel dat klubs belangrike verteenwoordigers van die genootskap is wat betref die opleiding van lede en raspromosie word egter herbevestig.

Suksesvolle onderhandelings met die IDC in Limpopo het gelei tot die verkoop van geregistreerde beeste waarvan die waarde bykans R1 miljoen is, van lede van die Noordelike Klub, vir kommunale projekte. Soortgelyke IDC projekte word beplan en Deon het hier ‘n leidende rol in besprekings met die IDC gespeel. Hierdie projekte dien met elke vergadering op die agenda. Dit is vir ons aangenaam om aan te kondig dat ‘n bestelling Ngunis nou ook deur die Kalahari klub vir die Noorkaap projek afgelewer is. Daar word ook binnekort ‘n bestelling vir die Vrystaat verwag.

Woensdagoggend het die raad ‘n aantal kwessies met gevestigde telers bespreek waarvan die belangrikste was die kommer wat uitgespreek is mbt die artikel wat in die Landbouweekblad van 7 Desember 2007 verskyn het. Dit is die siening dat hierdie artikel onnodige klem op sekere probleme binne die genootskap geplaas het en dat dit in ‘n ietwat negatiewe trant geskryf is. Die raad aanvaar dat daar behoefte bestaan vir ‘n meer doeltreffende media skakelbeleid ten einde te verseker dat toekomstige artikels, van watter aard ookal, op die positiewe aspekte van die ras sal fokus en dit sal bevorder. Bevredigende ooreenkoms is ook bereik wat betref ander aspekte soos die interaksie met klubs, die insette van inspekteurs wat betref sake van die Tegniese Komitee en die bydraes wat vorige raadslede aan die genootskap gemaak het.

Wat betref promosie, werk Naledi aan die joernaal wat binnekort gepubliseer sal word, asook voorbereidings vir ons uitstalling by NAMPO. Sy ondersoek ook die moontlikheid van ‘n bemarkingstrategie wat uiteraard eksterne kundigheid sal noodsaak.

Giel het gerapporteer dat ons finansies kerngesond is en Lourens is tevrede met die wyse waarop die jaarlikse inspeksie-inisiatief vorder.

Ons wens u en u gesinne alles van die beste vir die res van die jaar en vertrou dat u beeste voordeel sal trek uit die goeie reën wat meeste van ons gekry het.

RAAD

17 Maart 2008